# JOHANNESBURG EAST DISTRICT

## DISTRIK-EKSAMEN

## GRAAD 10

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 1**

**JUNIE 2014**

**MEMORANDUM**

PUNTE: 80
TYD: 2 UUR

**Hierdie MEMORANDUM bestaan uit 8 bladsye.**

## *Afdeling A – Kyk- en Leesbegrip*

## *Assesseringsriglyne:*

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word gepenaliseer SLEGS as die betekenis van die spelfout die woord verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie – die fokus is op begrip.
- Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE/WAAR/ONWAAR- of FEIT/LUG JOU MENING-vrae. Die rede / motivering word oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE/WAAR/ONWAAR skryf nie, maar die motivering is korrek, word GEEN punt toegeken nie.
- As die WAAR / ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punt toegeken nie.
- Vals (Fals) kan aanvaar word. (*False* is egter verkeerd, want dit is Engels.)
- As ŉ antwoord ŉ aanhaling is, word die kandidaat nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie. Die aanhaling moet volledig volgens die teks wees,maar die kandidaat word nie gepenaliseer vir spelfoute nie.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite / punte vereis word en die kandidaat ŉ hele reeks gee, word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeuse-vrae die letter ASOOK die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 10 JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 1 **MEMORANDUM**

## AFDELING A – KYK- en LEESBEGRIP

**VRAAG 1 – Leesstuk en Strokiesprent**
**AANTAL WOORDE – 567: Leesouderdom van die leesstuk: 9.94**

| | Begripstoets | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Vraag** | **ANTWOORDE** | **Punt** | **Kat.** | **Vlak** |
| 1.1. | Snags – net EEN woord. | **1** | A | 1 |
| 1.2. | Wanneer jy arm is. | **1** | A | 1 |
| 1.3.1. | Ses OF 6. | **1** | A | 1 |
| 1.3.2. | Ses-en-dertig OF 36. | **1** | A | 1 |
| 1.4. | 1 Week OF Een week OF van 12 tot 19 Mei (2104). | **1** | A | 1 |
| 1.5. | Dankaar – net EEN word. | **1** | A | 1 |
| 1.6. | • C<br>• C - van hulle ingenieurswese studeer.<br>• van hulle ingenieurswese studeer.<br>(Enige een) | **1** | B | 2 |
| 1.7. | • Onwaar<br>• Die studente het óf ’n kombers óf ’n slaapsak gekry.<br>• Die studente het ‘n keuse gehad van óf ’n kombers óf ’n slaapsak.<br>**LET WEL – GEEN punte word toegeken vir die WAAR of ONWAAR nie. Slegs die rede/motivering verdien die punt.** | **1** | B | 3 |
| 1.8.1. | ‘n Langbroek. | **1** | A | 1 |
| 1.8.2. | ‘n Baadjie. | **1** | B | 3 |
| 1.9. | ‘n Afskorting. | **1** | A | 1 |
| 1.10. | • Sodeone kon hulle meer van sekere tipes kos koop.<br>• Hulle kon beter kos koop.<br>(Of iets soortgelyks) | **2** | C | 5 |
| 1.11.1. | dit is nie so duur nie. | **1** | B | 3 |
| 1.11.1. | dit is te duur. | **1** | B | 4 |
| 1.12. | Deur die gate met koerantpapier toe te stop en teen mekaar te lê. | **2** | B | 3 |
| 1.13. | Hy het sokkies / kouse aangetrek. | **1** | A | 2 |
| 1.14. | Waar, hy het gesê dit was moeilik. | **1** | B | 4 |
| 1.15. | Waar, Marco Naudé geniet die ervaring. | **1** | B | 4 |
| 1.16. | • Jy verstaan arm mense se omstandighede beter.<br>• Jy het simpatie met arm mense.<br>(Of iets soortgelyks) | **2** | C | 6 |
| 1.17. | Hy het nie besef hoe swaar dit is nie. | **1** | B | 4 |
| 1.18. | • warm water<br>• elektrisiteit<br>• ‘n warm bed<br>• ‘n matras<br>• komberse<br>• ‘n kussing.<br>(Enige TWEE) | **2** | A | 1 |

| Spotprent | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.19.1 | humoristies | **1** | A | 1 |
| 1.19.2 | reg | **1** | B | 3 |
| 1.19.3 | afhanklik | **1** | C | 4 |
| 1.20. | Woorde / Illustrasies / plasing / lettertipe. | **1** | C | 5 |
| 1.21. | • Jy het toegang tot informasie vir skoolprojekte.<br>• Jy kan met vriende komminikeer.<br>• Jy kan films kyk.<br>• Jy kan films aflaai.<br>• Jy kan na musiek luister .<br>• Jy kan musiek aflaai.<br>• Jy die jongste nuus kry.<br>• Jy kan prente aflaai.<br>• Jy kan jou finansies bestuur.<br>(OF iets soortgelyks) | **1** | B | 3 |
| | | **TOTAAL – 16** | | |

| Kategorie | A | B | C |
|---|---|---|---|
| Aantal Punte | 12 | 12 | 6 |
| Totaal Punte | 30 | 30 | 30 |
| % | 40% | 40% | 20% |

**TOTAAL AFDELING A - 30**

**AFDELING B – OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**
**ALGEMEEN**

Lees die hele opsomming om ŉ geheelindruk van die opsomming te kry.

- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien beplanning wel gedoen is, moet dit duidelik aangedui wees.
- Indien nie aangedui nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.
- Kandidate mag nie afkortings in hul opsommings gebruik nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.
- Die aantal woorde moet deur die onderwyser getel word.
- Leerders verloor nie 'n punt as hulle nie die aantal woorde aandui nie.
- As die woordlimiet oorskry word, word net gemerk tot die sin waarin die aantal bereik is. **Die res van die opsomming word geïgnoreer**.

**PUNTETOEKENNING**

- 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
- 3 punte vir Taal
- Totaal: 10 punte

**DUI DIE PUNTE SO AAN:**

**F**eite **(7) + T**aal **(3) = (10)**

**FEITE (7)**

- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte. (ʼn Volsin het ʼn werkwoord.)

**TAAL (− 0/1/2/3)**

- **ELKE taalfout** (grammatika, spelling en punktuasie) in **ELKE feit word aangedui (ook in verkeerde feite), daarna getel en soos volg bereken**:

Verspreiding van punte vir TAAL waar die leerders NIE DIREK aangehaal het NIE:

| | |
|---|---|
| 1 – 3 feite korrek | 1 punt |
| 4 – 5 feite korrek | 2 punte |
| 6 – 7 feite korrek | 3 punte |

Verspreiding van punte vir TAAL waar die leerders DIREK aangehaal het:

| | |
|---|---|
| 6 – 7 direkte aanhalings | 0 punte vir Taal |
| 1 – 5 direkte aanhalings | 1 punt vir Taal |

| **TIPIESE TAALFOUTE** | | |
|---|---|---|
| Woordorde in enkelvoudige sin (bv. O/werp + ww. + v/werp) | Tyd, wyse, plek- Direkte vertaling (moedertaalinvloed) | Woordorde in saamgestelde sinne (Voegwoord 1, 2 en 3) |
| Dubbelnegatief | Voornaamwoorde | Omgekeerde woordorde |
| Lydende vorm | Infinitief | |

**FORMAAT**

Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied:

- puntsgewys onder mekaar.
- Indien dit in paragraafvorm aangebied is word die eerste sin gemerk en die res geïgnoreer.

**GETAL WOORDE**

- Kandidate MOET die **korrekte** getal woorde aandui.
- Indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui of die verkeerde getal woorde is aangedui, word hulle NIE penaliseer **met een punt** NIE.

**VRAAG 2 – OPSOMMING**
**Karaktereienskappe wat jy moet hê om 'n goeie vriend te wees [199 woorde]**

| Opsomming | |
|---|---|
| Uit die Vraestel | Moontlike opsomming |
| 1. Nie een van ons is perfek nie. Ons het almal eienskappe wat ons moeilik maak. Fokus op die goeie in mense. As jy jouself vang dat jy fokus op die negatiewe aspekte van ander mense, herinner jouself net dat jy ook foute het. | 1. Fokus op die goeie in mense. |
| 2. Die ou Boeddha-beelde het altyd 'n rustige glimlag. Dit is soort van visuele onderrig, want as 'n mens glimlag word jy bewus van jou omstandighede en vergeet jy van jou probleme. Onthou om altyd te glimlag. | 2. Onthou om altyd te glimlag. |
| 3. Moenie broei oor iemand wat jou sleg behandel het nie. Dit is moeilik om jouself los te maak van negatiewe gedagtes van hoe iemand jou benadeel het of jou ongelukkig gemaak het. Sulke negatiewe gedagtes is afbrekend en verhard jou hart. Laat dit gaan en fokus op die skoonheid van die oomblik. | 3. Fokus op die skoonheid van die oomblik. |
| 4. Wees 'n positiewe spieël vir ander. As jy 'n vriend vir iemand wil wees, moet jy seker maak dat jy hulle laat weet van al die wonderlike dinge wat jy in hulle kan sien. | 4. Wees 'n positiewe spieël vir ander. |
| 5. Die sleutel om blywende vriendskappe te maak is om te dink oor wat jy vir jou vriende kan doen. Wees behulpsaam. Die vraag is: Wat het jou vriende nodig en wat kan jy doen om te help? | 5. Wees behulpsaam. |
| 6. Wees vriendelik. Vriendelikheid is nooit ongevraagd nie. Alhoewel dit nie altyd moontlik is nie, is dit iets om na te strewe. Dit is soos die strerre; dit verlig die pad maar kan nooit bereik word nie. | 6. Wees vriendelik. |
| 7. Wees dankbaar. As jy jou vriendskappe wil versterk, moet jy aan jou vriende bewys dat jy dankbaar is vir wat hulle vir jou doen en dat jy dankbaar is vir vriendskap. | 7. Wees dankbaar.<br>Aantal woorde [37] |

**TOTAAL AFDELING B - 10**

**AFDELING C: TAAL**

**WOORDGEBRUIK, WOORD- EN SINSTRUKTURE**

**VRAAG 3 – Leesstuk**
[374 woorde]

| Vraag | WOORDSTRUKTURE | Punt |
|---|---|---|
| 3.1. | onmoontlik. | 1 |
| 3.2. | agtien | 1 |
| 3.3. | Saterdag | 1 |
| 3.4. | bekender | 1 |
| 3.5. | doodbekommerd | 1 |
| 3.6. | aktiwiteite | 1 |
| 3.7. | waarvan | 1 |
| 3.8. | lewensgehalte | 1 |
| 3.9. | Kul / kuns / te / naars | 1 |
| 3.10. | kleingoedjie | 1 |
| **Vraag** | **SINSTRUKTURE** | **Punt** |
| 4.1 | Thandi is in die moeilikheid omdat sy nie haar huiswerk het nie. (✓Woordorde) EN (✓ Taalreëls) | 2 |
| 4.2 | Thandi het nie haar huiswerk gehad nie. | 1 |
| 4.3 | Juffrou vra hoekom sy nie haar huiswerk daar het nie. (✓Woordorde) EN (✓ Taalreëls) | 2 |
| 4.4 | Thandi sê dat haar hond altyd haar huiswerk eet. (✓Woordorde) EN (✓ Taalreëls) | 2 |
| 4.5 | Thandi sal na die hoof se kantoor gaan. | 1 |
| 4.6 | Thandi doen nooit haar husiwerk nie. | 1 |
| 4.7 | Thandi word deur die hoof gestraf. | 1 |
| **Vraag** | **KRITIESE TAALBEWUSTHEID** | **Punt** |
| 5.1.1. | Die departement van onderwys het 'n webtuiste veroordeel.. | 1 |
| 5.1.2. | …wat in 'n skoolbadkamer baklei. | 1 |
| 5.1.3.1. | B – mense | 1 |
| 5.1.3.2. | C – klasmaat | 1 |
| 5.1.3.3. | A – webtuiste | 1 |
| 5.1.4. | …wat braaf genoeg is… | 1 |
| 5.1.5. | …wanneer hulle ookal kan… | 1 |
| 5.1.6. | A – denotief gebruik in dat die regering heftig kapsie maak teen die webtuiste | 1 |
| 5.1.7. | D – konnotief gebruik omdat die meisie oorgewig is | 1 |
| 5.1.8. | Vraagsin. | 1 |
| 5.1.9. | Uitroepsin. | 1 |
| 5.1.10. | Die skrywer is neutral / raporteer maar net. | 1 |
| 5.1.11. | EIE OPINIE oor wat die leerder van die webtuiste dink. | 1 |
| 5.1.12. | hulle video's op die internet te sien | 1 |
| 5.2.1. | Vrou 1 se hele liggaam kan gesien word maar haar oë is weggesteek terwyl vrou 2 se hele liggaam weggesteek is en net haar oë kan gesien word. | 2 |
| 5.2.2.1. | B – Die skrywer wil hê die leser moet sekere emosies ervaar. | 1 |
| 5.2.2.2. | D – Die vrouens dink beide die ander een word onderdruk deur 'n wrede manlike domineerende wêreld. | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.2.2.3. | A – Die vrouens word beide onderdruk deur ‘n wrede manlike dominerende wêreld. | 1 |
| 5.2.2.4. | C – Vrouens van alle kulture word onderdruk deur ‘n wrede manlike dominerende wêreld en dit is nie reg nie. | 1 |

**TOTAAL AFDELING C - 40**

**VRAESTEL TOTAAL - 80**